***Omhulsel en siel***

**232** "Tog is daar iets in die materie wat nooit heeltemal in `n siel gevind sal word nie, en dit bestaan uit die bekende stof waaruit omhulsels gevorm word. Binne-in hierdie stof is daar altyd `n afgesonderde geestelike potensie opgesluit totdat dit tot `n sekere selfstandigheid rypgemaak is. As die afgesonderde geestelike potensie (vermoë) eenmaal die vasgestelde rypheid bereik het, verskeur dit die omhulsel en verenig hom dan oombliklik met ander reeds vrygekome soortgelyke - of minstens daarna lykende vrye afgesonderde potensies en maak dan uit die geskikte elemente van lug, water en aarde dadelik weer `n omhulsel, soos wat julle dit by die saad van plante, bome en struike, asook vir elkeen sigbaar by die eiers van insekte, voëls en uiteindelik by die waterdiere ensovoorts kan sien.

[2] Omhulsels het hul bestaan maar altyd net te danke aan `n vasgehoue wil wat vanuit die orde van Elohim uitgaan en mis derhalwe die intelligensie van die siel. Dit vorm slegs `n noodsaaklike middel waardeur die siel wat met verstand begaaf is, vanself, deur `n bepaalde tyd geïsoleer te wees, tot `n egte volledig selfstandige en vrye wese kan vorm en ook werklik vorm.

[3] Die materiewêreld bestaan daarom vir `n ruim twee derde deel uit siele, en één derde deel is omhulsel sonder siel, as draer van die eerste afsonderlike, en vervolgens steeds meer versamelde, en uiteindelik reeds heel konkrete en ryp sielelewens. Die materie van die omhulsels, of die wil van Elohim wat vaste vorm aangeneem het, is derhalwe `n verlossingsinrigting, waardeur die afgesonderde geeste wat deur die val van satan meegeval het, volgens die bestaande orde weer `n volkome selfstandige vryheid kan bereik - hoewel natuurlik via `n langer weg as wat dit tydens die eerste periode sou gewees het.

[4] Maar omdat tyd Elohim nie van sy wysie laat afbring nie en Hy ook geen las daarvan het nie, omdat Hy die uiteindelike verwerkliking van Sy groot idees steeds asof in die hede vir Sy alsiende Oë het - of die tyd nou kort of lank duur - daarom is vir Elohim duisend jaar soos één dag of soos één oomblik. `n Aarde kan dan wel, tot by die volle ontbinding van al die hulsmaterie ingeslote geeste wat in haar is, méér jare nodig hê as die onuitspreeklik groot aantal fyn sandkorrels wat haar hele wese sou kon vul; so `n tydsduur is by Elohim uiteindelik tog ook niks meer as één kort oomblik nie.

[5] Ja, Ek sê vir julle, daar is in die eindelose skeppingsruimte al sommige wêrelde wat hul diens heeltemal verrig het. Hulle bestaan egter verder as hemelliggame en sal ook verder bestaan as draers van die nuwe, vrye wesens. Nou is hulle net baie skoner en suiwerder en hulle is ook in hul samestelling onveranderlik, soos die onveranderlike wil van Elohim. Hierdie kom ooreen met Sy Wysheid en ewig onveranderlike orde, wat eweneens vir ewig onveranderlik is en dit moet wees, omdat sonder die onveranderlikheid geen wese duursaam sou kon bestaan nie.

[6] Want al het die wesens ook na hul geestelike voleinding `n volkome vrye bestaan, wat as te ware heeltemal onafhanklik van Elohim bestaan, dan sou so `n onafhanklikheid wat selfstandig lyk, tog geen duursaamheid verkry, en kon hê nie, as dit nie al vir ewig deur Elohim, deur middel van en samehangend met Sy orde, vooraf vasgestel sou gewees het nie. Hierdie ewige vasstelling is vir alle geskape wesens eintlik dit wat elke geskape wese `n konstante, ewige duur verskaf en dit onderhou.

[7] Daaruit volg dit dan ook as vanselfsprekend dat geen ding wat ooit deur Elohim in watter bestaan ookal geplaas is, ooit kan vergaan en vernietig kan word nie. Dit kan wel van vorm verander en van minder edel steeds edeler word, of ook omgekeerd, soos wat ons dit in die geval van die eersgeskape geeste gesien het; maar niks kan vernietig word van wat Elohim eenmaal in bestaan geroep het nie. - Sê My nou, Cyrenius, is die geheel vir jou nou ietwat duideliker?"

***Oor die weet***

**233 Cyrenius** sê: "Ja, Majesteit en Meester, die geheel is vir my nou so duidelik as wat dit nog maar vir ‘n dom gees in sy aardse bestaan duidelik kan wees. Dat ek verder nog menige ding en selfs nog baie sou kon vra, is verseker; maar ek sien nou goed in dat te veel kennis die mens geen goed doen nie, want hy sal wel daardeur `n wyse mens, maar geen besonder aktiewe mens word nie.

[2] `n Mens wat te veel wysheid besit, kom vir my voor as `n skatryk aardse man wat in alles versorg is. Waarom sou hy die aarde nog bewerk, waarvoor die osse voor die ploeg span? Sy skure en opslagplekke is tog tot aan die nok gevul, sy kelders is vol van die beste wyn, en sy vertrekke peul uit van goud, silwer, groot pêrels en kosbare edelgesteentes. Hy sien dat verdere moeite om die aarde te verbou, dwaasheid en sotterny sou wees; daarom

gaan hy rus en hy geniet sorgeloos van sy groot rykdomme.

[3] En, soos gesê, `n baie wyse kan en moet uiteindelik dieselfde doen. Die nog onwetende soek en ondersoek en het baie vreugde as hy `n nuwe waarheid vind; die baie wyse kan egter nie baie meer ontdek nie, en het daarom uit die aard van die saak traag geword, terwyl `n leerling in die een of ander tak van wysheid vlytig is en byna dag en nag soek om oor `n ietwat meer as gewone verborge saak, indien moontlik, alles te wete te kom. Daarom weet ek nou in hierdie sfeer genoeg. Wat my egter nog ontbreek, dit sal my dan ook steeds bly besig hou. - Het ek gelyk of nie?"

[4] **Ek** sê: "Te veel en te min het weinig waarde, maar iets wat te veel is, is altyd tog beter as iets wat te min is; want wie oorvloed het, kan baie maklik daarvan gee vir die wat tekort het, en dit sal hulle altyd goed te pas kom. Wie egter te min het, sal met die meedeel sekerlik nie so rojaal wees nie. Daarom is iets te veel by die ware wysheid altyd beter as iets te min. Maar Ek sê vir julle: Dit sou selfs vir geen engel goed wees as hy net soos Elohim alwetend sou wees nie!

[5] Maar daarvoor het Elohim ook reeds gesorg; want net so min as wat `n gees ooit die hele oneindigheid net soos Elohim self sal kan vervul, net so min sal die wysheid van `n nog so volmaakte gees ooit al die dieptes van die goddelike wysheid kan ontdek en bevat. - Verstaan jy dit ook?"

[6] **Cyrenius** sê: "O ja, dit verstaan ek, en dit was al van ouds af `n wyse spreuk by ons Romeine, en ook algemeen gebruik by die Grieke en Egiptenare, en die spreuk lui kortliks as volg: 'Quod licet Jovi, non licet bovi'. *(wat Jupiter kan doen, kan geen os doen nie; want wat die een mag doen, veroorloof daarom nie die ander een nie),* en ek dink dat hierdie spreuk, hoewel `n besit van die heidene, soos wat hulle deur die Israeliete genoem word, hier ook goed op sy plek is.

[7] Teenoor Elohim sal mens en engel ewig osse bly, en dit is ook goed so, want ek in elk geval, sou `n te groot wysheid nie kon bevat nie. Die aard van die saak maak dat elke geskape wese uiteindelik alle begeerte tot lewe sou verloor as daar in die hele oneindigheid niks meer sou wees wat vir die mensegees nie net so duidelik en bekend sou wees as die vertrekke van `n woonhuis vir die huismeester nie.

[8] Daarom is dit baie goed en wys so deur JaHWeH ingerig dat selfs ook die mees volmaakte geskape gees in al sy wysheid, die Wysheid van Elohim geen haarbreedte sal en kan benader nie, want wat oneindig is, kan nooit deur die eindigheid bereik word nie!

[9] Maar ons hou nou daaroor op; want dit sou nutteloos wees om nog meer woorde daaraan te verspil omdat daar nog baie ander dinge is waaroor ons uitleg sou wou kry, as die vasstel van `n maatstaf waarmee die swakke mensegees die goddelike wysheid sou kon meet. Die liefde is duidelik belangriker as alle nog so belangrike wysheid van mense en geeste.

[10] U het vroeër gesê dat `n mens die ou litteken van die siel heeltemal sou kon genees deur die nuwe wet van die naasteliefde en hom daardeur sou kon vrymaak van die ou erfsonde. Dan sou die volle bewussyn van die ware ewige lewe in die mens weer met alle krag en helderheid terugkom. Dit sou vir die mense op hierdie aarde wel die grootste wins wees, want alleen daardeur sou die mens heeltemal mens kan wees en sou hy op hierdie aarde al tydens sy aardse lewe beslis groot en glansryke dinge kon doen.

[11] Die arme mensdom se steeds kwellende gevoel oor die sekere dood en die gepaardgaande verdwyning van die lewenstoneel laat die mens uiteindelik alle moed vir `n hoëre daad verloor, tensy hy homself in alle dwase wêreldse vermaaklikhede stort, om daardeur die gedagte aan die toekomstige sekere dood te verjaag en so die verganklike lewe te geniet asof dit `n ewige lewe sou wees. Daarom is dit baie belangrik om die mens so 'n gebod te gee, sodat hy, deur hom daarby te hou, die paradys wat eenmaal deur Adam verlore geraak het weer in homself kan terugvind en vir ewig kan behou. Die gebod van die egte en ware naasteliefde moet weer vir ons die verlorene terugbring.

[12] Maar dan kom die vraag op hoe `n mens so `n uiters belangrike gebod volgens die orde van Elohim moet hou om daardeur die groot, deur U beloofde doel - sê maar - volkome, en nie halfpad nie, maar heeltemal te bereik."

[13] **Ek** sê: "Dit is `n baie goeie en korrekte opmerking van jou, en Ek sal jou `n eksakte antwoord daarop gee; maar eers sal ons ook gou luister na watter idees ons ou gasheer, Markus, het oor die naaste wat `n mens volkome moet liefhê. Daarna sal Ek gou aan julle die volledige en korrekte antwoord gee met die goeie uitleg daarby. En sê ons dus, liewe Markus, wie `n mens volgens jou mening nou egter as sy naaste moet beskou en daadwerklik alle liefde moet bewys!"